kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 266

Ons Vader wat woon in die hemel,
geheilig sy u Naam.
Laat u ryk kom, u wil geskied
soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood
en vergeef ons al ons skulde,
net soos ons vergewe dié wat teen ons sondig.
Laat kom ons nie in die versoeking,
maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk en die sterkte en die ere,
vir ewig en ewig, amen.
Vir ewig en ewig, amen.

Woorddiens

Tema: Om dieselfde ding anders te doen

Skriflesing: Lukas 5:1-11

Broodjies vir die pad

"The young all have the same dream: to save the world. Some quickly forget this dream, convinced that there are more important things to do, like having a family, earning money, traveling, and learning a foreign language. Others, though, decide that it really is possible to make a difference in society and to shape the world we will hand on to future generations."
— Paulo Coelho, The Winner Stands Alone

"To finally surrender ourselves to healing, we have to have three spaces opened up within us - and all at the same time: our opinionated head, our closed-down heart, and our defensive and defended body. That is the summary work of spirituality - and it is indeed work. Yes, it is also the work of "a Power greater than ourselves," and it will lead to a great luminosity and depth of seeing. That is why true faith is one of the most holistic and free actions a human can perform. It leads to such broad and deep perception that most traditions would just call it "light."

Remember, Jesus said that we also are the light of the world (Matthew 5:14), as well as saying it about himself (John 8:12). Strange that we see light in him but do not imitate him in seeing the same light in ourselves. Such luminous seeing is quite the opposite of the closed-minded, dead-hearted, body-denying thing that much religion has been allowed to become. As you surely have heard before, "Religion is lived by people who are afraid of hell. Spirituality is lived by people who have been through hell and come out enlightened."

The innocuous mental belief systems of much religion are probably the major cause of atheism in the world today, because people see that religion has not generally created people who are that different, more caring, or less prejudiced than other people. In fact, they are often worse because they think they have God on their small side. I wish I did not have to say this, but religion either produces the very best people or the very worst. Jesus makes this point in many settings and stories. Mere mental belief systems split people apart, whereas actual faith puts all our parts (body, heart, and head) on notice and on call. Honestly, it takes major surgery and much of one's life to get head, heart, and body to put down their defenses, their false programs for happiness, and their many forms of resistance to what is right in front of them. This is the meat and muscle of the whole conversion process."

— Richard Rohr, Radical Grace: Daily Meditations by Richard Rohr

Uil vlieg eers skemertyd

Anton van Niekerk

Dit is taamlik onwaarskynlik dat veel meer mense as haar naaste kennisse ooit die naam Elana Barkhuizen sou geken het.

Gr. R-onderwyseresse, veral op 'n weggesteekte, diepplattelandse dorpie soos Schweizer-Reneke in Noordwes, is normaalweg nie mense wat wyer bekendheid verwerf nie.

Tot die aanbreek van die gewraakte eerste skooldag van 2019. Sy neem te goeder trou 'n foto van haar kleuterskoolkollega se klaskamer met die nuwe kinders, skynbaar met die bedoeling om dit vir ouers te stuur wat 'n uur gelede van die huilende bloedjies afskeid geneem het.

Sonder, ook, om te besef wat die reaksie sal wees van swart ouers (deel van die WhatsApp-groep) as hulle hul nuwelinge apart van die res sien sit.

Toe bars alle hel los. Barkhuizen word behandel asof sy een of ander heks is wat domastrant bereid is om apartheid te handhaaf tot op die vlak van die sitplekke van gr. R-kleuters.

Woedende ouers begin betoog op die skoolterrein.

Die LUR vir onderwys haas hom na Schweizer-Reneke en skors Barkhuizen summier.

AfriForum gryp in en bring 'n hofaansoek dat Barkhuizen wederregtelik geskors is. Die regter gee hulle en Barkhuizen gelyk. Sy word weer aangestel en pronk nou op ongeveer elke voorblad in die land.

Die stof het uiteindelik gaan lê en die son het genadiglik begin sak oor hierdie verstommende tragikomedie.

Die filosoof G.W.F. Hegel skryf op 'n keer dat die uil van Minerva – simbool van die mens se soeke na wysheid – eers uitvlieg wanneer die aandskemering daal.

Niemand kan Barkhuizen en Schweizer se storie ongedaan maak nie. Maar ons kan en moet iets daaruit probeer leer; die Minerva-uil sal ons nie vrugteloos laat rondfladder nie.

Vir wat dit werd is: Hier is die drie lesse wat ek daaruit geleer het: Haas jou langsaam. Moenie te vinnig skrik, skree, skel of stilstuipe kry nie.

Stel eers betroubaar vas wat het werklik gebeur voor die brandstapel aangesteek word. So nie, is die eier op jou gesig,

meneer die LUR, en nie op dié van die jong vrou wat miskien nie al die implikasies van haar daad deeglik deurdink het nie, maar wat op haar eie, opregte manier bloot goed probeer doen het.)

Dis egter nie slegs die LUR en die woedende ouers wat iets het om te leer nie. Ook Barkhuizen, en almal wat met haar simpatiseer, het iets om te leer.

Hier kom dit: Vermy die verpestelike sosiale media! Waarom altyd gryp na jou selfoon die oomblik wanneer die geringste dingetjie gebeur? Hoe het dit gekom dat Barkhuizen en haar geslag hul lewens via sosiale media so verbete in die openbaar wil voer?

Ek weet ek klink nou soos 'n ou man, maar ek kan dit eenvoudig nie verstaan dat alles wat in 'n mens se lewe gebeur, vertel of afgeneem moet word nie.

Bring privaatheid terug in die lewe – privaatheid is nie verniet ingevolge ons Grondwet 'n reg nie! Naas die LUR en Barkhuizen (en haar generasie) moet die res van ons in hierdie land, veral as ons velle wit is, ook iets hieruit leer.

Daar is 'n rede waarom swart ouers toeslaan as dit net lyk asof wit en swart weer berekend geskei word. Natuurlik het baie ouers en die LUR oorreageer. Die pyn lê egter vlak.

Ons swart mede-Suid-Afrikaners in hierdie land het seergekry in ons gemeenskaplike verlede – veel seerder as wat ons wit mense ooit kan besef.

Daardie wond is nog rou. Moenie selfs eers die (wan)indruk skep dat ons daardie wond weer wil oopkrap nie.

Van Niekerk is professor in filosofie en direkteur van die sentrum vir toegepaste etiek aan die Universiteit Stellenbosch.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/uil-vlieg-eers-skemertyd-20190204

"Naturally—and why should I not admit this—I have occasionally wondered to myself how things might have turned out in the long run.... I only speculate this now because in the light of subsequent events, it could well be argued that in making my decision...I was perhaps not entirely aware of the full implications of what I was doing. Indeed, it might even be said that this small decision of mine constituted something of a key turning point; that that decision set things on an inevitable course towards what eventually happened.

But then, I suppose, when with the benefit of hindsight one begins to search one's past for such 'turning points', one is apt to start seeing them everywhere.... What would have transpired, one may ask, had one responded slightly differently...? And perhaps—occurring as it did around the same time as these events?"
— Kazuo Ishiguro, The Remains of the Day

"People are usually afraid of change because they fear the unknown. But the single greatest constant of history is that everything changes."
— Yuval Noah Harari, Homo Deus: A Brief History of Tomorrow

Brood vir die pad

Omdraaipunte kan lewe weer betekenis gee

André van Niekerk

Omdraaipunte het die werk van lewensredders geword. Daarom hoop ons die korrupsiekultuur het laasjaar reeds 'n draaipunt bereik. Vanjaar pleit klimaatkenners vir 'n omdraai in ons lewenstyl sodat aardverwarming kan afneem. In ons eie lewe ervaar ons dat ons selfsug te sterk en ons wilskrag te swak is om slegte gewoontes en negatiewe gedagtes te verander.

Al die groot godsdienste wil mense met draaipunte help. Vir eeue het Joodse gelowiges te midde van verdrukking na 'n eindtyd of "Koninkryk van God"-tyd verlang. Daar is gehoop God sal geregtigheid herstel sodat mense op 'n nuwe wyse met God en mekaar in 'n omvattende vrede kan saamwoon. Die boodskap en gebeure van Jesus is deur vroeë Christene as die aanbreek van dié eindtyd beskou.

Vandag sien ons in hoe die verwagting van 'n eindpunt 'n belangrike draaipunt geword het. Al het die magtige Romeinse Ryk met sy wreedhede voortgeduur, het groepies gelowiges die draaipunt geleef omdat hulle die gekruisigde as lewende Here van die nuwe tyd ervaar het. Tussen mans en vroue, ouers en kinders het respek gekom. Gelowiges van Joodse en Griekse afkoms het ophou neersien op mekaar en eienaars het hul slawe as medemense erken.

Veel vroeër het primitiewe mense in die koue Noordelike Halfrond se midwinter gevrees dat die son sterf, hul brandhout kan opraak en hul opgegaarde kos te min is. Deur fyn waarneming van die daglengte is besef die son se lig word einde Desember stadig maar seker sterker. Diegene wat die waarnemers geglo het, kon reeds met nuwe moed leef, al het die ergste sneeu en koue nog voorgelê.

Dalk het hierdie ou ervarings van sonwaarneming – en nie net die nag-dag-wisseling nie – meegespreek toe Bybelgetuies Jesus met God se opkomende son vergelyk het. Die huidige kerkseisoen, Epifanie – oftewel die koms van lig deur Jesus se lewe – sluit direk by die Noordelike Halfrond se langer wordende daglig aan. Dit pas ook by die koms van 'n nuwe kalenderjaar. Lank nadat Epifanie al gevier is, is die tyd van die ou sonfeeste ook benut as datum vir Kersfeesviering.

Draaipunte behoort nie geïdealiseer te word nie. In die geskiedenis van draaipunte leef ons meermale in die spanningsveld tussen die "alreeds" en die "nog nie". In November 1918 het 'n skietstilstand die Eerste Wêreldoorlog beëindig. Op verafgeleë oorlogsfronte het die boodskap nie deurgekom nie en was dit steeds dodelik gevaarlik. Eers in Junie 1919 is die Vrede van Versailles gesluit.

Te midde van dié onvolkomenheid bly draaipunte waardevol. Soos die draaipunt tussen die twee helftes van lewe wat Richard Rohr teen lewens-tamheid voorskryf.

Die verhaal van die professor wat sy statusbewuste oudstudente vir koffie genooi het, illustreer dit goed. Toe hulle die aantreklikste koppies op sy skinkbord uitsoek, verduidelik hy dat ons voortdurende vergelyking ons moeg maak. Draai weg van die wedywering om die mooiste lewenshouers. Fokus voortaan op die lewensinhoud. Dit gaan tog om die koffie en nie om die koppie nie!

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/omdraaipunte-kan-lewe-weer-betekenis-gee-20190205

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877